

Sondag 16 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 27:1-22

Fokusgedeelte: Jeremia 27:2

God wat jou juk wegneem, bring vir jou hoop en redding deur swaarkry heen!

God gebruik wêreldse beelde om ons te help om groot geestelike waarhede te kan begryp. Sedekia, wat deur die Babiloniërs as koning aangestel is, het saam met ander volke gesê: “*Kom ons staan almal saam en dan gooi ons die juk van die koning van Babel af!*” God stuur toe vir Jeremia na Jerusalem met ’n juk op sy nek om ’n simboliese preek te gaan lewer. Die boodskap is baie duidelik. Die juk moes wys op God se oordeel en sy genade.

Juda was, sonder dat hulle dit besef het, reeds slawe. Ten spyte van God se vermanings deur sy wet en profete het hulle die juk van vreemde afgode op hulle nekke gesit. God het gehoop dat sy volk hulle sonde sou besef. Dat hulle sou sien dat hulle slawe van die afgode is. Hy wou hê dat hulle hul met hart en siel tot Hom bekeer. Slegs dan sal hulle waarlik vry wees! Die woorde het egter op dowe ore geval.

Ons almal aanbid iets of iemand. Ons buig die knie en jaag iets of iemand na waarop ons ons hoop kan plaas. Miskien plaas jy jou onder die juk van gesondheid, skoonheid, welvaart, familie, prestasies of jou eie goeie werke. Ons moet God alleen dien! Enigiets anders wurg net die lewe uit ons uit. Ons afgode belowe baie, soms die vrede waarna ons smag, maar stel ons net teleur. Ons afgode lewer geen blywende resultate nie, tog eis hulle so baie. Soos wat ons die afgode najaag, word ons geestelik uitgeput, radeloos en verslae.

In sy groot genade het God egter die selfvernietigende spiraal verbreek. Hy wys ons op die enigste Weg en die Waarheid – Jesus Christus! Hy nooi ons uit: “*Neem my juk op julle ... my juk is sag en my las is lig.*”

Sing: Psalm 2-1:1, 6

Dr. D Saaiman (De Wet) (Krugersdorp)